# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

## VRAESTEL 1: Taal in konteks

**2 UUR**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**
**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**
Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Kinders wil mooi lyk met steroïede…

Byna twee derdes van alle skoolkinders wat steroïede gebruik, doen dit om mooi te lyk en net 30% wil beter presteer in sport. Só is bevind in die 2011 Discovery Sharksmart-opname. Dr. Glen Hagemann, 'n sportdokter, sê navorsing is onder meer as 12 000 tieners gedoen en dit het gewys dat sowat 4,6% van alle seuns al steroïede gebruik het en 1,2% van alle meisies. Altesaam 63% van die deelnemers het gesê hulle het dit gebruik om goed te lyk en 11% omdat hulle maats of afrigters hulle aangemoedig het om dit te gebruik. Byna een uit tien kinders se ouers het druk op hulle geplaas. Volgens Hagemann was rugbyspelers die grootste gebruikers. Mnr. Khalid Galant, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport (SAIDS), het gesê die instituut het voorheen hul praatjies by skole op sportspanne gefokus, maar noudat dit blyk tieners gebruik dit om beter te lyk, word die hele skool eerder by hulle praatjies betrek.
Sommige van die aanvullings is ongetoets en besmet met verbode middels soos stimulante en steroïde wat nie verklaar word nie. Etikette wat impliseer die produk is deur SAIDS goedgekeur, praat nie die waarheid nie. SAIDS ondersteun geen produkte nie.

(*Die Burger*, 22 Oktober 2011.)

1 Wat is die hoofrede hoekom die meeste skoolkinders steroïede gebruik? (1)
2 Noem nog 'n rede waarom kinders dit gebruik. (1)
3 Hoe vergelyk die gebruik van steroïede onder seuns met die gebruik onder meisies? (2)
4 Gebeur dit enigsins dat ouers kinders aanmoedig om steroïede te gebruik? (1)
5 Watter sportsoort het die meeste steroïede-gebruikers? (1)
6 Wat, dink jy, is 'n rede vir jou antwoord in 5? (1)
7 Hoekom het Saids hul fokus van sportspanne na alle kinders in die skool verskuif? (1)
8 Noem twee moontlike gevare van aanvullings. (2)
9 Is dit enigsins moontlik dat SAIDS 'n produk goedgekeur het? Motiveer jou antwoord. (1)
10 Wat is jou standpunt oor die gebruik van steroïede? Motiveer jou antwoord. (2)

**[13]**

19 Bespreek die geslaagdheid van die neologisme "slakkepas-verkeer". (2)

20 Haal drie opeenvolgende woorde aan wat beteken "skielik, sonder dat jy dit sien"? (1)

21 Op watter twee maniere kan jy met behulp van die internet die adverteerder kontak? (2)

22 Skep 'n neologisme vir:

a bumper bashing

b subwoofer (2)

**[17]**

**Totaal Afdeling A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

SPEEL VEILIG – maak so seker jou kinders het 'n gelukkige, gesonde vakansie.
Kinders ry met hulle fietse rond of baljaar in die strate of op die strand. Al wil 'n ouer hê dat kinders al die buitelugaktiwiteite geniet, hou die somer baie gevare in.
Suid-Afrika het baie swembaddens, maar verdrinking vind ook in riviere, damme en die see plaas. Kinders moet kan swem, maar daar moet nogtans altyd 'n volwassene teenwoordig wees.
Dit is noodsaaklik dat kinders goeie sonroom gebruik. Smeer elke twee uur aan. Moenie dink as jy 'n sonroom met 'n hoë faktor gebruik, jy hoef dit net een maal aan te smeer nie. Kinders kan baie maklik in die son dehidreer, veral as hulle aktief is en sweet. Water, melk en vrugtesap is ideaal. Lighoofdigheid en naarheid is tekens van ontwatering en oorverhitting. Ham-, hoender- en eiertoebroodjies is baie gevaarlik in warm weer. Dié proteïene veroorsaak dikwels voedselvergiftiging. Gebruik eerder grondboontjiebotter en harde kaas.
Fietse en skaatsplanke kan gevaarlik wees. Kinders behoort veiligheidsdrag te dra. Trampoliens veroorsaak dikwels beenbreuke en nekbeserings. Daar moet altyd volwasse toesig wees wanneer kinders trampolien spring. Metaalglyplanke kan ook beserings veroorsaak. In warm weer is hulle vuurwarm en kan 'n mens se vel lelik brand.

(*Huisgenoot*, 3 November 2011.)

Skryf nou 'n opsomming en volg hierdie instruksies:

- Som die hoofgedagtes van die teks in sewe sinne op.
- Skryf elke hoofgedagte in 'n volsin neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Die lengte van jou opsomming moet 60–70 woorde wees en mag nie langer wees nie.
- Dui die korekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan, bv. [65].
- Punte word so verkry: 7 (feite) + 2 (taalfoute) + 1 (aantal woorde)

**Totaal Afdeling B: [10]**

## AFDELING C: TAAL

**VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL**

Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel op die volgende bladsy gebaseer.

# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

1 Gee die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord. Die probleem moet **vinnig** opgelos word. (1)

2 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Jy besef die persoon staan agter jou. (1)

3 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD. Ek is baie jammer. (1)

4 Gee die ANTONIEM van die vetgedrukte woord. Skryf net die woord neer.
Jy moenie **eerlik** wees nie. (1)

Daar staan en skinder jy met 'n vriend oor iemand by die skool toe jy besef die persoon van 5 (wie/wat) jy praat, staan agter jou. Aarde, 6 (...) jou in! Wat doen ek?
7 (Erken/Herken) jy was verkeerd en vra verskoning. Om eerlik te wees en opreg jammer te sê, sal die probleem vinniger oplos. Wat sê ek?
"Jy het seker nou gehoor wat ek gesê het. 8 (Ek weet nie wat fout is met my nie.) Ek is jammer."
En volgende?
As dit nie 'n goeie vriend is nie, vra verskoning en laat dinge daar. As dit iemand is vir wie jy omgee, sal jy harder moet probeer.

(*Huisgenoot*, 4 Augustus 2011.)

5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. Skryf net die woord neer.
Jy besef die persoon van (wie/wat) jy praat, staan agter jou. (1)

6 Kies die woord wat die volgende SPREEKWOORD korrek voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
Aarde, (...) jou in! A neem
B gryp C sluk
D suig (1)

7 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. (Erken/Herken) jy was verkeerd. (1)

8 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.
Die meisie sê: "Ek weet nie wat fout is met my nie." (3)

**[10]**

**VRAAG 4: KOERANTARTIKEL**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande koerantartikel gebaseer.

**Loopbaankeuses**
'n Persoon kan 1 (ingeligte) besluite neem as hy te vinnig 'n loopbaan moet kies. Ouers moet ook besef dat hulle nie namens 'n kind 'n besluit kan neem nie en moenie die kind beïnvloed om 'n beroep te kies wat slegs vir hulle aanvaarbaar is nie. 2 (Meeste ouers doen dit.)
Carisa Smuts, 'n beroepsvoorligter, sê die grootste fout wat 'n kind kan maak, is om 'n loopbaan te kies wat finansiële vergoeding waarborg. "Die belangrikste oorweging is dat die leerder sy of haar belangstelling en persoonlikheid moet ken. Leef jou passie in jou beroep uit. Finansiële vergoeding sal dan vanself kom."
Daar is 'n 3 (arbeid + tekort) in 4 (onder andere) verpleegkunde, medies, onderwys en ingenieurswese.

(*Die Burger*, 17 September 2011.)

AFDELING 6

# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

1 Gee die ANTONIEM van die vetgedrukte woord. Skryf net die woord neer.
’n Persoon kan **ingeligte** besluite neem as hy te vinnig kies. (1)

2 Verbeter die TAALFOUT in die volgende sin. Skryf die korrekte sin oor.
Meeste ouers doen dit. (1)

3 Gee die SAMESTELLING. arbeid + tekort (1)

4 Gee die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.
Daar is ’n tekort in (onder andere) die onderwys. (1)

5 Skryf die sin oor en rangskik die gedeelte tussen hakies in die KORREKTE VOLGORDE.
Leerders wat belangstel, moet (telefonies/by die beroepsvoorligter/vandag) navraag doen. (1)

6 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM. Leef jou passie uit! (1)

7 Gee die KORREKTE VORM van die vetgedrukte woord.
Dit is my **kies** watter beroep ek wil volg. (1)

8 VERBIND die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.
Dit is ’n belangrike besluit. Die kind moet reg kies. (dus) (2)

9 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD. Die leerder moet reg kies. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: INLIGTINGSTEKS**


Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande inligtingsteks gebaseer.

### Kopsake

Jou skedel of kopbeen bestaan uit 22 stukke of beentjies waarvan 21 gerond is en soos ’n legkaart inmekaarpas. Dit beteken die 1 (stuk) kan nie veel beweeg nie en dis ’n 2 (goed) ding, want dit beskerm jou 3 (brein/bryn/bruin) en 4 (gesig + holte). Die enigste been wat vrylik kan beweeg, is die onderkaak.

### Grootte tel

Die kleinste beentjie in jou lyf staan bekend as die stiebeuel. Hierdie beentjie is in jou oor en is 8 (klein) as ’n ryskorrel. Die langste en grootste been in jou lyf is die femur of dybeen. Dis ook die sterkste been in jou skelet – en dis boonop hol van binne!



### 206

Die getal bene in ’n volwasse mens se skelet.

### 300

Die getal bene in ’n baba se skelet. Moenie dink ’n mens verloor bene soos jy ouer word nie! Al wat gebeur, is dat sommige bene saamsmelt terwyl jy groei.

### Het jy geweet?

Been is ses keer sterker as staal. 11 (Mense wat navorsing doen) het bewys as jy ’n stukkie staal vat wat dieselfde weeg as een van die bene in jou lyf, gaan die been wen – en sommer ver.

(*Huisgenoot*, 3 November 2011.)

AFDELING 6

# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

1 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.
Dit beteken die **stuk** kan nie veel beweeg nie. (1)
2 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. Dit is 'n (goed) ding. (1)
3 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Dit beskerm jou (brein/bryn/bruin). (1)
4 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies. Die skedel beskerm jou (gesig + holte). (1)
5 VERBIND die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.
Die stiebeuel is baie klein. Dit word vergelyk met 'n ryskorrel. (daarom) (2)
6 Gee die VERKLEINING van die vetgedrukte woord.
'n **Baba** het meer bene as 'n volwassene. (1)
7 Gee 'n SINONIEM vir die vetgedrukte woord.
'n Baba het meer bene as 'n volwassene. (1)
8 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.
Die stiebeuel is (klein) as 'n ryskorrel. (1)
9 Vorm 'n DEELWOORD van die woord tussen hakies.
Bene word minder in 'n (groei) kind. (1)
10 Gebruik die vetgedrukte woord in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het as hieronder. Ek **vat** 'n stukkie staal en vergelyk dit met 'n stukkie been. (1)
11 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
(Mense wat navorsing doen) het dit bewys. (1)
12 Gee die ANTONIEM van die vetgedrukte woord. Die been gaan wen. (1)
13 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.
Die stiebeuel is êrens in die oor. (2)
14 Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM.
a Ek het my femur gebreek. (1)
b Hy sal 'n stuk staal gebruik. (1)
15 Verander die stelsin in 'n VRAAGSIN. Die vetgedrukte woorde is die antwoord.
Die stiebeuel **is in die oor**. (1)
16 Skryf hierdie GETAL in woorde. 300 (1)
17 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.
Bene smelt saam (wanneer/toe) jy groei. (1)

**[20]**

**Totaal Afdeling C: [40]**

**Groottotaal: 80**

AFDELING 6

# MEMORANDUM VAN VOORBEELDVRAESTEL 1

## VRAESTEL 1: Taal in konteks

### Afdeling A: LEESBEGRIP

- Die antwoorde hoef nie in volsinne te wees nie.
- Aanhalingstekens mag ontbreek.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Spel- en taalfoute word nie gepenaliseer nie, mits die verkeerde spelling nie die woordbetekenis verander nie.
- By WAAR/ONWAAR-vrae: As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, is die motivering outomaties verkeerd.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

**VRAAG 1:**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

1 Om mooi te lyk. (1)

2 Om beter in sport te presteer./Maats of afrigters moedig hulle aan. (1)

3 Meer seuns (4,6%) ✓ as meisies (1,2%) ✓ gebruik steroïede. (2)

4 Ja, byna een uit tien ouers plaas druk op hulle kinders om dit te gebruik. (1)

5 Rugby (1)

6 Eie respons. (1)

7 Die meeste gebruikers is nie meer sportmanne nie, maar enige persoon wat mooi wil lyk. (1)

8 Ongetoets ✓ en besmet met verbode middels. ✓ (2)

9 Nee, hulle ondersteun geen produkte nie. (1)

10 Eie respons met motivering. (2)

**[13]**

**TEKS B: ADVERTENSIE**

11 Virseker (1)

12 Versekering (1)

13 Om 'n nuwe Afrikaanse woord te skep vir dinge wat Engelse name het. (1)

14 Skep 'n neologisme vir twee Engelse woorde. (*bumper bashing* en *subwoofer*) (1)

15 a Onwaar√ "As jou klas deelneem"/"drie skole" ✓ (2)

16 Hulle doen versekering ✓ en jy is vir seker verseker. ✓ (2)

17 Jou versekering, jou mense, jou taal (1)

18 Klanknabootsing (1)

19 Die verkeer is so stadig ✓ soos 'n slak. ✓ (2)

20 "uit die bloute" (1)

21 Hulle het 'n webadres ✓ en 'n facebook-blad. ✓ (2)

# MEMORANDUM VAN VOORBEELDVRAESTEL 1

22 a Eie respons. "buffer-buffels"? (1)
b Eie respons. "donderdreun"? (1)

**[17]**

**Totaal Afdeling A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

- 7 punte vir 7 hoofgedagtes/wenke/sinne (Hoef nie volsinne te wees nie.)
- 3 punte vir taal
- Totaal: 10
- Verspreiding van taalpunte:
  1–3 hoofgedagtes korrek: ken 1 punt toe
  4–5 hoofgedagtes: ken 2 punte toe
  6–7 hoofgedagtes: ken 3 punt toe
- Formaat: Die opsomming word nagesien, al is die formaat verkeerd. Geen penalisering nie!
- Getal woorde: Geen penalisering nie indien die aantal woorde nie aangedui is nie of as dit verkeerd aangedui is. As die aantal woorde oorskry word, word vyf woorde ekstra bygelees (75 woorde) en dan net tot daar nagesien.

### VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

1 Ouers moet seker maak kinders kan swem.
2 Ouers moet seker maak kinders smeer gereeld sonroom aan.
3 Ouers moet seker maak dat kinders nie ontwater nie.
4 Ouers moet bosluisbyte probeer voorkom.
5 Ouers moet voedselvergiftiging probeer voorkom.
6 Ouers moet toesien dat veiligheidsdrag gedra word terwyl die kinders bv. fietsry.
7 Ouers moet toesig hou terwyl kinders trampolien spring.
8 Ouers moet kinders daarvan bewus maak dat metaalglyplanke 'n mens kan verbrand. (Enige sewe hoofgedagtes.)

**Totaal Afdeling B: [10]**

## AFDELING C: TAAL

- Spelling in WOORDSTRUKTURE moet korrek wees om die punt te verdien.
- Die standaardvariant geld in WOORDSTRUKTURE.
- Spelling tel nie in SINSTRUKTURE nie.
- Wanneer die verlede tyd getoets word, moet **ge-** as EEN WOORD met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as TWEE WOORDE geskryf word.
- Streekstaal kan nie in aanmerking geneem word nie.

### VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL

1 blitsvinnig (1)
2 Jy besef nie die persoon staan agter jou nie. (1)

# MEMORANDUM VAN VOORBEELDVRAESTEL 1

3 Ek was baie jammer. (1)
4 oneerlik/skelm (1)
5 wie (1)
6 C sluk (1)
7 Erken (1)
8 Die meisie sê dat sy √ nie weet wat fout met haar ✓ is nie. ✓ (3)

**[10]**

**VRAAG 4: KOERANTARTIKEL**

1 oningeligte (1)
2 Die meeste ouers doen dit. (1)
3 arbeidstekort (1)
4 o.a. (1)
5 Leerders wat belangstel, moet vandag telefonies by die beroepsvoorligter navraag doen. (1)
6 Moenie jou passie uitleef nie! (1)
7 keuse (1)
8 Dit is 'n belangrike besluit, ✓ dus moet ✓ die kind reg besluit. (2)
9 Die leerder sal reg moet kies. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: INLIGTINGSTEKS**

1 stukke (1)
2 goeie (1)
3 brein (1)
4 gesigholte (1)
5 Die stiebeuel is baie klein, ✓ daarom word ✓ dit met 'n ryskorrel vergelyk. (2)
6 babatjie (1)
7 grootmens (1)
8 kleiner (1)
9 groeiende (1)
10 Die vat is vol bier. (1)
11 Navorsers (1)
12 verloor (1)
13 Die stiebeuel is nêrens ✓ in die oor nie.✓ (2)
14 a My femur is (deur my) gebreek. (1)
b 'n Stuk staal sal deur hom gebruik word. (1)
15 Waar is die stiebeuel? (1)
16 drie honderd/driehonderd (1)
17 wanneer (1)

**[20]**

**Totaal Afdeling C: [40]**

**GROOTTOTAAL: 80**

# VOORBEELDVRAESTEL 2: SKRYF

## VRAESTEL 3: Skryf

**2 UUR**

**INSTRUKSIES**

1 Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
Afdeling A: Opstel (50 punte)
Afdeling B: Langer transaksionele teks (30 punte)
Afdeling C: Korter transaksionele teks (20 punte)
2 Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3 Jy moet jou beplanning toon.
4 Daar moet duidelike bewyse van redigering wees.

### AFDELING A: OPSTEL

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 200–250 woorde daaroor.
Skryf die nommer en die titel wat jy kies boaan.
As jy 'n prent kies, moet jy die nommer van die pent neerskryf.

1 Baie grootmense het probleme om die moderne tegnologie te verstaan en te gebruik. Jou ouma dink mos Mxit is om 'n koek te bak en jou oupa dink My Space is sy stoel voor die TV.
Skryf 'n VERHALENDE opstel met die titel: Ai, die grootmense weet maar min van tegnologie! (50)
2 Skryf 'n KREATIEWE opstel met die titel: Moeder Aarde vertel... (50)
3 Waarom moes dit met my gebeur het?! (50)
4 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

a



b



c 

**[50]**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 2**

Kies een van die volgende opdragte en skryf 120–150 woorde daaroor.
Skryf die nommer en die titel wat jy kies boaan.

1 Rommelstrooi is 'n groot probleem in jou skool. Jy besluit om met al die klasverteenwoordigers te vergader om 'n plan van aksie vir die skool te bespreek.
   a Stel 'n AGENDA vir die vergadering op.
   b Skryf nou die NOTULE van hierdie vergadering. (30)

2 Jou vriend/in is verslaaf aan facebook en twitter. Jy besef dat dit moontlik 'n gevaarlike situasie kan word en besluit om ernstig met hom/haar te praat. Skryf die DIALOOG neer wat tussen julle plaasvind. (30)

3 Daar is 'n groot veldtog teen rommelstrooi in jou skool. Jy is deel van die redaksie van die skoolkoerant. Skryf 'n KOERANTARTIKEL waarin jy verduidelik wat die veldtog behels en waarin jy die skool aanmoedig om deel van hierdie projek te word. (30)

**[30]**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 3**

Kies een van die volgende opdragte en skryf 80–100 woorde daaroor.
Skryf die nommer en die titel wat jy kies boaan.

1 Daar het 'n nuwe rekenaarwinkel in jou omgewing oopgemaak. Hulle het spesiale aanbiedinge op 'n groot verskeidenheid produkte. Skryf 'n ADVERTENSIE waarin jy die winkel bekendstel. (20)

2 Jou vriend/in hoor van die nuwe rekenaarwinkel wat gaan oopmaak, maar weet nie hoe om daar te kom nie. Julle is in die klas en kan nie praat nie. Skryf die RIGTINGAANWYSINGS vir hom/haar neer.

3 Jy is deel van 'n nasionale sportspan wat oorsee gaan deelneem. Skryf 'n poskaart aan jou ouers waarin jy vertel wat jy sien en doen. (20)

**[20]**

**Groottotaal: [50 + 30 + 20 = 100]**